

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 36



Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

ONS VOORBLAD

Die Renboot.

Soos 'n mes klief hy die water in twee.

Hy skeer oor die oppervlak heen.

Met 'n vaart wat jou laat duisel, sny hy om die draaie.

Die skuimende water spat 'n boog deur die lug.

Soms lyk dit of hy uit die water klim, so skiet hy oor die spieëlvlak heen.

Sy motor sing en fluit en juig 'n hoë lied.

Lied van triomf.

Lied van lewenslus.

Lied van blydschap.

Salig om die wind deur jou hare te voel en die dampende waterlug diep in jou longe in te trek as jy met die renboot oor die blinkende plas heensnel.

Driftig soos 'n perd.

Sierlik soos 'n swaan.

Soepel soos 'n vis.

Dis hy.

Die renboot!

Waar gaan hy heen?

Het hy 'n bestemming?

'n Einddoel?

'n Hawe? Nee! Hy maal in die rondte.

Sy vreugde is nie die vreugde van 'n bereikte einddoel nie.

Sy vreugde is die vreugde van die rondomtalie.

Sy genot is die genot van die oomblik.

Sy heerlijkheid is die heerlijkheid van die sinnelose gejaag.

So lyk baie mense se lewe.

Mooi maar leeg.

Sonder eindbestemming.

En u ? Waar gaan u heen?

Leef u net vir die oomblik?

Of het u koers en bestemming?

Het die lewe vir u nog enige sin?

Hier is 'n vriendelike uitnodiging aan u adres:

As u probleme het, huweliksprobleme, godsdiensprobleme, liefdesprobleme, opvoedingsprobleme, geestesprobleme, skryf aan

Quo Vadis?

Posbus 20008,

Noordbrug,

Potchefstroom.

U probleme sal simpatiek, vertroulik en deskundig behandel word.

Is God Liefde?

Ek weet dat u al baie met dié vraag geworstel het — veral in tye van storm en ongety, as die donker onweerswolke oor u lewe saampak, 'n duisternis van beproewing en ellende u omvou en nêrens 'n ligpunt te bespeur is nie — is God liefde? Hoekom laat Hy my dan só swaar kry?

Ons glo dat God alle dinge beskik. Met ander woorde ook siekte, armoede, droogte, onvrugbare jare kom nie by toeval of van die noodlot of uit die hand van Satan nie, nee, dit kom uit Gods Vaderhand ons toe.

'n Ernstige vraag.

Is sy hart dan nie gevul met liefde nie? So sê die Skrif tog: God is liefde . . .so lief het God die wêreld gehad . . .niks sal ons van sy liefde skei nie . . .! Dit is wat die Skrif sê ja, maar wat van die praktyk?

Siekte — en die herstel bly maar uit.

Armoede — geen uitsig op 'n beter toekoms nie.

Ellende — dit bly maar donker.

Droogte — die reën bly maar weg.

Huislike moeilikheid — 'n ontroue man, 'n kyfagtige vrou, opstandige kinders.

Hoe kan God die Vader sy kinders dan so behandel? Is God waarlik liefde? — dit is u vraag.

'n Ernstige wedervraag.

Ek wil u 'n wedervraag stel: Wat dink u van 'n vader wat sy kinders alles gee waar voor hulle vra, hulle tot die afgrond toe bederf, hulle nooit tug nie? So 'n vader is sy kinders se ondergang. Hy is 'n lamsak, en van sy kinders is daar nie veel te wagte nie. 'n Vader tug sy seun in wie hy 'n behae het. As hy sy kind liefhet, sal hy hom nie sienderoë die afgrond laat intuimel nie. Al kan die kind soms nie insien waarom sy vader dan so streng optree nie, die vader met sy breëre lewenservaring en -rypheid weet wat die beste is vir sy kind.

'n Liefdevolle Vaderhand.

Ons kan soms nie insien waarom die Here soveel swaar oor ons lewe bring nie, tog het Hy 'n doel daarmee, tog is God liefde. Die Here tugtig hom wat Hy liefhet. Ons moet leer om in elke tugtiging, elke beproewing, in alle swaarkry Gods liefdevolle Vaderhand op ons te voel rus — Hy maak met ons bemoeienis juis omdat Hy ons liefhet.

Al die wilde lote en takke van die boom word deur die tuinier weggesnoei. Doen die tuinier nie juis die boom "pyn" aan omdat hy dit "liefhet" nie? Hy gee om vir die boom, wil hê dit moet goeie vrugte dra en mooi van gestalte wees, dit moet die tuinier nie oneer aandoen nie.

'n Klip wat in 'n gebou ingemessel moet word, word eers reggekap om in te pas. God kap en skaaf aan ons, die boustene van sy ewige Godsgebou, sodat ons kan inpas in die plek waar Hy ons wil plaas.

Die een is harder en kosbaarder as die ander.

Maar hoekom word daar dan aan sommige meer gesnoei of gekap as aan andere? Is God dan nie onregverdig in sy liefdebetoning nie? Die een gaan dan makliker deur die lewe as die ander. Waarom? — so vra u miskien.

Dink dan daaraan dat een klip harder is as die ander en daarom moet dit meer hamer- en bytelhoue ontvang — Gods liefde kom met swaarder slae op sy een kind af as op die ander

omdat die hart harder en die wil onbuigsamer is vanweë die sonde.

Aan die ander kant, 'n diamant is vanweë sy kosbare hardheid moeiliker om te slyp as 'n kristal. En nou weet ons (volgens Jesus self) dat Gods kinders nie almal gelyk is nie — eenmaal sal die een in meer heerlikheid skitter as die ander. Maar daarom moet die diamant nou meer geslyp word as die kristal om aan albei te laat reg geskied.

Uitwendig en inwendig.

Tenslotte werk die heelmeester uitwendig as daar uitwendige verswering of besering is; maar die geneesheer moet inwendig werk as die kwaad binne skuil. Dit hang dus af van die gesteldheid van die pasiënt. So is dit ook met God se kinders — die een wat sigbare lyde en beproewinge ondergaan, kan nie sê dat sy broeder dit makliker het as hy nie, hy het miskien 'n lyde en worsteling wat vir die oog verberg is.

Die liefde van God bring Hom juis daartoe dat Hy met elkeen individueel handel — Hy is die Kenner van die harte. Hoe groot en onpeilbaar diep is die liefde van God nie dat Hy met elk van sy kinders besondere bemoeienis maak nie!

Alles ten goede!

Hy troos waar nodig.

Hy tug ook waar nodig.

Sy liefde is geen sentimentele, loue swakke liefde nie. Nee, dit is fors, vaderlik, groots.

En alhoewel sy weë hoër is as ons weë en sy gedagtes as ons gedagtes en ons nie altyd verstaan nie, **weet** ons dat Hy, omdat Hy ons liefhet, selfs die kwaad vir ons ten beste keer, ja alles vir die gelowige laat meewerk ten goede!

Moontlik wil Hy u terugbring tot sy kerk; moontlik wil Hy u laat omdraai op daardie sondepad (drank? dobbel? sondelus? ontrou? — u weet self) ; moontlik wil Hy u geloof helderder laat skitter — in elk geval het elke beproewing, elke tugging ten doel die verbetering van u lewe omdat God in liefde op u neersien.

GOD IS LIEFDE!

W. de Vos.

BY DIE STERFBED VAN 'N GELOWIGE

Geagte Vriend,

As ek hoor van die afsterwe van 'n gelowige kind van die Here, dan staan die woorde van **Psalm 73** my altyd so helder voor die gees.

Waarom?

Seker omdat hierdie Psalm op so 'n mooi manier vertel van die geweldige stryd wat daar in die lewe van elke gelowige is, en dan ook van die heerlike rus en vrede wat elke gelowige vind aan die end van sy lewe.

U kan gerus hierdie pragtige Psalm in die Bybel lees. Dit bied so 'n lewensgetroue beeld van die werklike lewe . . . die lewe waarmee u ook elke dag te doen het.

Maar laat ek u iets daarvan vertel.

Die stryd van 'n tempelsanger.

Asaf, wat die skrywer van Psalm 73 is, is tempelsanger in die tempel van Jerusalem. Hy is dus elke dag in die beskermende atmosfeer van die tempel besig. En tog vertel Asaf van die groot stryd wat daar in sy lewe was.

Hy skryf in vers 3: "**Want ek was afgunstig op die onsinniges toe ek die voorspoed van die goddelose mense sien.**" Dit het so vir Asaf gelyk asof die goddelose mense baie gelukkig is. Hulle dien God nie, en tog is hulle ryk en voorspoedig. Hy sê die goddelose mense se oë peul uit van die vet. Dit is 'n beeld wat die vettigheid van hulle lewe aantoon.

Maar daarteenoor word die beeld van die gelowige gestel. En nou is dit vir Asaf asof dit by die gelowige net die teenoorgestelde is! Hy skryf: "**Die hele dag tog is ek geslaan, en my tugtiging was daar in elke môre.**" Tevergeefs het hy die Here gedien!

Waarom?

Dit is die vraag en die kwelling van sy gees. Hy dink na maar kan eenvoudig net nie verstaan nie.

Die einde.

En dan kom die insig en die helderheid in die 17^{de} vers. Hy kon hierdie dinge nie verstaan nie "**totdat ek in die heiligdomme van God ingegaan en op hulle einde gelet het.**"

Die einde

Dit is die **sterfbed** waarvan Asaf hier praat.

Dit is seker een van die grootste krisismomente in die lewe van 'n mens! Dit is 'n oomblik van besinning. En niemand kom daar verby nie,

Asaf ontvang genade om die einde in hemelse perspektief en lig te sien.

Is die goddelose mense hier ook so gelukkig as wat hulle lewe skynbaar was? Nee, geagte vriend! Luister hoe stel Asaf dit: "**Waarlik, U stel hulle op gladde plekke; U laat hulle in puin val. Hoe word hulle in 'n oomblik 'n voorwerp van verbasing, vergaan hulle, raak hulle tot niet deur verskrikkinge! Soos 'n droom nadat 'n mens wakker word, o Here, so verag U, as U opwaak, hulle beeld!**"

Hoe vreeslik is dit nie!

Watter verskrikking is die sterfbed nie vir die goddelose, vir die onverskillige mens nie!

Christus het die dood oorwin.

Maar nou die gelowige, die mens wat in sy hele lewe beproef en geskaaf en gelouter is. Watter heerlike rus en vrede daal daar nie in hierdie krisisuur op hom neer nie! As jy met Christus geleef het, dan sal jy ook met Christus sterwe. So mooi het Paulus dit in Romeine 8 gestel: **"Geen dood kan ons skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus onse Here, is nie."**

Ewig met God, in Christus!

Watter heerlike gedagte is dit nie?

By hierdie heerlike berusting kom Asaf ook in Psalm 73. Luister: **"U sal my lei deur U raad en my daarna in heerlikheid opneem. Wie het ek buiten U in die hemel? Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie."**

Dit, geagte vriend, is die rus en berusting wat jy vind by die sterfbed van die ware gelowige... Alles wat met hom gebeur, ja selfs die dood, bring hom slegs nader aan die God wat hy met sy hele hart lief het!

So eindig Asaf met die woorde: **"Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees."**

En u, my vriend?

Is dit in u lewe ook so gesteld dat u hierdie laaste woorde met oortuiging agterna kan sê. Daardie krisisuur wag tog ook vir u ...

A. Myburg.

GOD SE HUISGESIN

'n Huisgesin bestaan uit 'n ouerpaar. 'n Man en vrou met een of meer kinders, van een of beide geslagte! Daar is dus 'n vader, 'n moeder, 'n seun of seuns en 'n dogter of dogters. As huisgesin is hulle aan mekaar verbind deur die band van bloed en is hulle verhouding tot mekaar die van ouers en kinders, broers en susters. Die huisgesin word oral in die wêreld aangetref, en dit vorm die basis van en is die waarborg vir die voortbestaan van alle volkere, want God het die mens geskape as man en vrou en aan hulle in die huweliksgemeenskap die opdrag gegee om vrugbaar te wees, om te vermeerder en die aarde te vul.

Of u oud en grys is, of u middeljarig of 'n jeugdige is, u is tog sekerlik 'n kind,

— 'n seun of dogter, uit een of ander huisgesin! U ken tog sekerlik 'n vader en 'n moeder! Ja, miskien ook 'n broer of suster of albei en selfs meer?

Ons Vader.

Van alle mense is God, die Almagtige Skepper van hemel en aarde dan ook die Vader. 'n Vader uit wie en tot wie alles en almal is! Ja, niks op aarde het ontstaan, en niemand in hierdie groot en wye wêreld en selfs in die lug en ruimtes daarbo bestaan sonder God die Vader nie. Hy is dus die oorsprong en oorsaak van alles, en Hy as Vader sorg vir alles en onderhou ook almal. Hy is 'n Vader wat gehoorsaam moet word, maar ook geëer en verheerlik moet word. Hiervan lees ons in die Bybel, die mees gelese Boek op aarde!

Glo u dat Hy ook u Vader is? Ja, hoe ryk of arm, hoe vernaam of geleerd, hoe sterk of vernuftig, hoe eenvoudig of beskeie u ook mag wees, Hy is ons Hemelse Vader! Ook u Vader?

Ons Moeder.

Soos ons op aarde 'n moeder ken wat haar kinders versorg na hul liggaamlike behoeftes maar ook na die geestelik verstandelike, so het God ook sy gemeente of kerk op aarde gestel om as 'n geestelike moeder sy kinders te versorg en te vertroetel. Hierdie moeder is dus draagster van die waarhede wat God in sy Woord bekend gemaak het. Waarhede aangaande die erns van sonde en ellende van elke mens, maar ook heerlike en kostelike waarhede aangaande verlossing en bevryding uit die nood en ang vanweë die aanvalle van die duiwel. Verder leer hierdie geestelike moeder hoe 'n mens dankbaar en in gehoorsaamheid moet leef.

Ons sien dus dat hierdie moeder nie net dreig met straf, oordeel, wraak en tugtiging nie, maar dat ook gesprek word van liefde en warmte, van tederheid en goedertierenheid wat by die Vader aanwesig is wanneer die sonde en ongeregtigheid nagelaat word, — wanneer daarmee gebreek word en 'n mens hom van harte tot Hom bekeer.

Die stem van Vader en Moeder.

Ja, die stem van die moeder en so die stem van die Vader word gehoor wanneer jy luister na sy gesante! God gebruik mense in sy diens, die gewone lidmaat van die kerk, maar ook die besondere ampsdraers naamlik die predikant, die ouderling en die diaken. Hierdie mense, net soos u, is deur God begenadig om hul medemens, ook vir u, tot 'n lig en vreugde te wees. As lidmate van die kerk van Jesus Christus, roep hulle u, soos 'n moeder na haar geliefde kind roep om terug te keer huis toe sodat die huisgesin voltallig en kompleet kan wees.

Kom tot stilstand en dink 'n oomblik na oor wat dit alles beteken! Voorts: Wat is die lewe sonder 'n moeder? Dink net wat u lewe kan wees met 'n moeder! Wil u sonder 'n moeder en

ook sonder 'n Vader as 'n weeskind, 'n onversorgde, verder deur die lewe gaan? Het u 'n toekoms? Die geestelike moeder roep u met bewoënhed!

Die huisgesin van God.

Ten slotte, wil u nie ook een van hierdie huisgesin van God wees nie? Dink daaroor, want die Vader het sy eniggebore Seun, Jesus Christus, gegee sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe kan hê.

Deur die geloof in Jesus Christus, word almal wat waarlik glo, kinders van God! Ja, u Het reg gelees: kinders, seuns en dogters, en so broers en susters van mekaar. Hoe heerlik! Hoe aangenaam om tuis te wees in die Vaderhuis, — Hy met sy gesin! Wat 'n weelde en geluk om by jou moeder, die kerk, te wees en in die geestelike gemeenskap met jou broer en suster te verkeer! Wat is die erfenis nie mooi wat aan 'n kind van die huis geskenk word nie! Het u ook 'n aandeel in hierdie erfenis, die testament, wat u Vader nagelaat het? Het u ook deel aan dit wat aan u broers en susters geskenk word, of leef u voort as 'n onterfde?

Leef u voort in 'n verskriklike eensaamheid? Leef u voort met gedagtes van wraak, en is u gemoed vervul met sataniese bitterheid teenoor u medemens en haat teenoor God? Moenie die fout by andere soek nie, en moenie sondig, jaloers en afgunstig wees nie! Nee, dit is verkeerd!

Luister na die stem wat roep, en kom nader! Moenie ver weg staan nie! Kom nader en deel in die volheid van die huisgesin van God! Kom deel in die lieflikhede wat die Vader aan die moeder en aan haar kinders, die seuns en dogters, die broers en susters, uit liefde en genade skenk! Ontvang die volle erfenis met ewige vreugde!

G. H. J. Kruger.

WINTER

Dis weer winter.

Die nagte koud en deurskynend tot waar die groot, wit sterre soos yskristalle aan die hemel hang.

Die dae stralend-wyd en stil.

Uit die aarde gryp die takke van die bome hemelwaarts.

Die flou-blink sonlig is soos 'n weefsel om die dun, swart takkies heen.

So of alles tot stilstand gekom het.

So eensaam.

So hunkerend na die nuwe lewe.

Dis die winter.

Beeld van my siel wat van alle skyn van grootheid gestroop is deur die winde van God se oordeel.

My siel wat buig en wag en bid.

Totdat God sal sê: staan op, my kind, jy het genoeg gely.

Jy het genoeg gewag.

Here Jesus, kom tog gou!

Belydenis van 'n BANDIET

Die skrywer van hierdie artikel het jarelange ondervinding as geestelike versorger in gevangenis. Hy mag natuurlik nie alles skrywe wat hy wil nie, omdat geestelike arbeiders in gevangenis aan beperkende maatreëls onderworpe is.

Ons noem hom maar Jan Prins. Hy het ook 'n nommer, sê maar 4051/61. Hy is dus in die jaar 1961 tot die gevangenis toegelaat. Sy gesig is aantreklik. Hy het mooi helder blou oë, 'n weemoedige glimlag huiwer op die lippe. My hart krimp ineen . . . dit kon my kind gewees het.

"Dominee, ek het 'n vrou doodgeskiet. Is daar vir my hoop by God? Sal my medemens my weer erken as een van hulle? Ek weet ek is skuldig. Ek het dit nie met voorbedagte rade gedoen nie. Maar sy het my verlei. Sy het my as 'n handperd gebruik, en ek het haar liefgehad. Ek wou met haar trou, maar sy wou nie. Sy wou nie van haar man afsien nie . . . toe, in 'n oomblik van vernedering en vertwyfeling het ek die vreeslike sonde gedoen!"

"Ja, my vriend, laat ons eers die feite onder oë sien. Jy het mos geweet jy oortree die sewende gebod?"

"Ja, Dominee."

"Jy het mos geweet dat met so 'n mens wat jou so maklik in haar arms neem, die dinge nie pluis is nie?"

"Ja, maar . . . sy het my verseker van haar liefde en trou. Sy het gesê daar is niemand anders . . . tot ek gevra het dat die saak nou tot 'n punt moet kom."

"Het jy nie gedink daar is ook ander se geluk op die spel nie, haar man en kinders?"

"Nee, in my blindheid was dit net sy en ek . . . toe sê sy sy het my lief, maar kon nie haar man laat staan nie."

"My vriend, ek het haar nie geken nie, maar as dit waar is wat jy sê, dan wil ek vir jou sê wat die Skrif sê:

'n Hoer is 'n diep kuil, en 'n ontugtige vrou is 'n nou put. Sy lê en loer soos 'n rower en vermeerder die ontroues onder die mensdom. (Spr. 23:27, 28)"

"Is daar hoop, dominee?"

"Ja, my vriend, daar is hoop. Hoop by God. By Hom alleen. Hy het vir die moordenaar aan die kruis gesê, "Vandag sal jy saam met My in die Paradys wees!"

Of die mense jou weer in hulle midde sal opneem — sommige sal, ander nie. Dit moet jy nou onthou. Maar by God is daar vir die berouvolle sondear in Christus genade en redding. Jan, dit is 'n gruwelike ding wat jy gedoen het. Jy het jou vergryp aan God se handewerk en sy gebooie."

"Ja, Dominee. Ek het al so baie daarvoor gedink. Ek was eers opstandig en het myself geregverdig. Dis mos haar skuld, het ek gesê, maar nou weet ek: Dit was ook my skuld. Ek is in 'n gelowige, Christelike huisgesin gebore, en my ouers het my grootgemaak in die vrese van die Here. My ouers is arm maar eerbaar. Ons het nie weelde geken nie, maar my vader en moeder is eerlike en opregte mense. Hoe het ek hulle nie beskaam en 'n huisgesin opgebreek nie! Hoe het ek my geloof in God en sy Woord nie verloën nie! Hoe het ek nie afgedwaal nie. Dit is alles my skuld. Ek is in die dieptes!" (En my eie hart skeur!)

"My vriend, ken jy nog Psalm 130:

"Uit dieptes gans verlore,
Van redding ver vandaan,
Waar hoop se laaste spore
In wanhoop my vergaan;
Uit diep van donker nagte
Roep ek, o Here, hoor,
En laat my jammerklagte
Tog opklim in u oor.

en ook:

"As U, o Heer, die sonde
na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde
voor U, o Heer, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing
altyd by U gewees;
daarom word U met bewing
reg kinderlik gevrees?"

"Ja dominee, ek onthou, ons het die Psalm baie gesing by die huisgodsdien."

"Jan, Gods Woord is die Woord van die lewe. Vir die berouvolle sondaar is daar hoop:

"Soos hoog bo ons verrys die hemelboë,
so sal sy guns, uit ewige mededoë,
geweldig hoog bo al sy kinders staan.
En soos die oosterkim se helder glanse
ver weg is van die kwynende-awendtranse,
so ver het Hy ons sondes weggedaan."

(Ps. 103:6)

Daar is in Jesus Christus vir ons hoop!

P. C. RULE.